# HOOFSTUK X.

## Apartheid as Beginsel in die Skoolopvoeding in Suid-Afrika, 1949-1956

### 1. Die Periode 1949-1952.

Soos reeds terloops gemeld, was die periode 1949-1952 'n voorbereiding vir verdere ontwikkeling en uitbouing van die apartheidsbeginsel. Verskeie wette is gepromulgeer om die apartsheidsgedagte te implementeer.(1) Ook het die Suid-Afrikaanse Buro vir Rasse-aangeleenthede, wat op 1 Desember 1948 geregistreer is, gedurende September 1949 die eerste nommer van sy „Tydskrif vir Rasse-aangeleenthede" die lig laat sien. Die doel van die tydskrif is om wetenskaplike bevindings aangaande rasse-aangeleenthede bekend te stel. Verskeie ander liggame waarvan die Afrikaanse susterkerke die belangrikste is, het met hernude krag hulle aandag aan die Suid-Afrikaanse rasseprobleme geskenk.

Die onderwysbeleid wat integrerend by die rassebeleid ingeskakel is, het ook onmiddellike aandag geniet. Die soeklig het ook dadelik geval op die onderwys van die kleurling, wat tot dusver 'n soort kompromisbeleid tussen segregasie en integrasie gevolg het. (2) Hierdie beleid wat in stryd is met die opvoedkundige beginsels van uitbouing van binne na buite, gegrond op die persoonlikheid

---

(1) (a) Wet No. 55 van 1949. (Verbod op gemengde Huwelike).
(b) Wet No. 21 van 1950. (Die Ontugwet.)
(c) Wet No. 41 van 1950. (Die Wet op Groepsgebiede.)
(d) Wet No. 44 van 1950. (Onderdrukking van Kommunisme.)
(e) Wet No. 30 van 1950. (Bevolkingsregistrasiewet.)
(f) Wet No. 52 van 1951. (Wet op Onregmatige Plakkery.)
(g) Wet No. 68 van 1951. (Wet op Banote-owerhede.)
(h) Wet No. 27 van 1951. (Wet op Naturelle-bouwerkers.)
(i) Wet No. 46 van 1951. (Afsonderlike Verteenwoordiging van Kiesers.)

(2) Sabra, No. 4, Okt. 1952, Jaargang 3, 34.

en ondervinding van die kind, het heftige kritiek uitgelok. Die standpunt dat, „die Kleurlingkind sal geneem moet word net waar hy is, en vandaar ,uitgelei'(educare) moet word — en dit sluit sy hele ,volks' -agtergrond in", (1) is openlik deur die voorstanders van aparte skoolopvoeding verklaar.

Reeds in 1951 is 'n Sub-departement van Kleurlingsake gestig, met die doel om die belange van die kleurlinge afsonderlik, en gevolglik beter, te behandel. Die vordering van hierdie departement is egter baie gestrem as gevolg van Liberalistiese weerstand. (2) Derhalwe kon die aparte ontwikkeling van kleurlingonderwys ook nie juis vorder nie. Daar is egter tog 'n definitiewe begin in die rigting van 'n aparte skoolwese vir die kleurling gemaak.

Wat die Indiër betref, het die Sastri-kollege in 1952 'n Indiërhoof gekry. (3) Verder het daar geen radikale veranderinge in die skoolstelsel vir Indiërs plaasgevind nie. Die Indiërs self is ook nie ten gunste van enige verandering nie. „Any radical change in the present curriculum would not meet with the approval of the Indian community. They would view with disfavour any attempt to give the Indian a curriculum different from that offered in European Schools." (4)

Wat die Bantoe betref, is in die voorbereidingsfase tot die hernude beweging in die rigting van aparte skoolopvoeding, die grootste vordering gemaak. Op 9 Januarie 1949 is 'n uniale Naturelle-onderwyskommissie aangestel

---

(1) Sabra, No. 4, Okt. 1952, Jaargang 3, 35.

(2) (a) Die Transvaler, 11 Mei 1950. („Ontbinding van die Kleurlingraad. Het hom ingemeng met die Politiek.")
(b) Hofsake i.v.m. Aparte verteenwoordiging van Kiesers.

(3) Anual Statistical Returns, Natal Education Department, 1932-1952.

(4) Naidoo, K.P., Post-Primary Education for Indians, 76.

met die volgende opdrag: „(i) Die formulering van die beginsels en doelstellings van onderwys vir Naturelle as 'n selfstandige ras, waarin daar rekening gehou word met sy verlede en hede, sy raseie, sy besondere eienskappe en aanleg en sy behoeftes onder die steeds veranderende maatskaplike toestande. (ii) Die mate waarin die bestaande laer-, sekondêre- en beroepsonderwywstelsel vir Naturelle en die opleiding van Naturelle-onderwysers, gewysig moet word, ten opsigte van die inhoud en vorm van leerplanne, om by die voorgestelde beginsels en doelstellings aan te pas en om Naturelle op meer doeltreffende wyse voor te berei vir hul toekomstige loopbane. (iii) Die organisasie en administrasie van die verskillende afdelings van Naturelle-onderwys. (iv) Die grondslag van finansiëring van sodanige onderwys. (v) Sodanige ander gesigspunte van Naturelle-onderwys as wat met voorgaande saamhang." (1)

In 1951 het die Kommissie sy verslag uitgebring. Dit is ongetwyfeld een van die waardevolste verslae oor Bantoe-onderwys. Die probleem is objektief benader en in alle opsigte is rekening gehou met die praktiese aspekte van die hele aangeleentheid. Die tradisionele kultuur van die Bantoe. waarin die verskil met die Westerse kultuur duidelik merkbaar is, word kortliks saamgevat. (2) Die invloed van die Westerse beskawing word aangetoon, maar die Bantoe-kultuur is geensins daardeur vervang nie. (3) Dit is om ekonomiese redes dat die Bantoe dieselfde skoolopvoeding as die blanke verlang. (4) As gevolg van verdeelde beheer was Bantoe-onderwys ongeorganiseerd, ongeregle-

(1) U.G. No. 53/1951, Verslag van Naturelle-onderwyskommissie, Bylae A, 189.

(2) Ibid., Parr. 16-32.

(3) Ibid., par. 53.

(4) Ibid., par. 232.

menteerd en sonder eenvormigheid. (1) Dit is nie 'n integrale deel van 'n sosio-ekonomiese ontwikkelingsplan nie, besit op sigself geen organiese eenheid nie, maar is in 'n verbysterende aantal uiteenlopende werksaamhede verdeel. Dit is onbeplan, word bestuur sonder aktiewe deelname van die Bantoe as volk, en die finansiëring het 'n minimum opvoedkundige waarde op die Bantoegemeenskap uitgeoefen. (2) Verder stel die Kommissie die doelstellings van Bantoe-onderwys soos volg: „(a) Uit die standpunt van die hele gemeenskap beskou, is die doel van Bantoe-onderwys, die ontwikkeling van 'n moderne vooruitstrewende kultuur, met sosiale instellings wat met mekaar en met die ontwikkelende lewenstoestande wat in Suid-Afrika aangetref word, en met die skole wat as doeltreffende middel tot hierdie ontwikkelingsproses moet dien, in harmonie sal wees. (b) Uit die standpunt van die individu, moet die doel van Bantoe-onderwys wees die ontwikkeling van die karakter en verstandelike aanleg van die kind en sy toerusting vir sy toekomstige werk en sy omgewing. Om hierdie individuele en sosiale doelstellings wat hierbo genoem is, in harmonie met mekaar te bring, is dit noodsaaklik om rekening te hou met die taal van die leerlinge, hulle huislike toestande, hulle sosiale en geestesmilieu, hulle kultuureienskappe en hulle toekomstige plek en werk in Suid-Afrika." (3)

Wat die finansiëring van Bantoeskole betref, beveel die Kommissie onder andere aan, dat die verantwoordelikheid gesamentlik deur die staat en die plaaslike Bantoe-owerhede, of - gemeenskappe, gedra moet word. (4)

(1) U.G. No. 53/51. a.w., 46-100.

(2) Ibid., 135.

(3) Ibid., 137.

(4) Ibid., 172.

Die Kommissie beveel dus vir die Bantoe 'n skoolopvoeding aan waarin sy tradisies, sedes, gewoontes en kultuur gehandhaaf moet word, waarin hy mede-verantwoordelikheid moet dra en ook mede-seggingskap moet hê. Die doel is dus 'n aparte, selfstandige skool as integrale deel van die Bantoegemeenskap.

2. Die Periode 1953 - 1956.

Hierdie periode word van die voorafgaande geskei omdat daadwerklike vordering en implementering van die apartheidsbeginsel in die skoolwese op sekere terreine plaasgevind het, en die bevindings met die ondersoeke gedurende 1949-1953 in baie opsigte prakties toegepas is.

Wat die kleurlinge betref, het die Provinsiale Administrasie van die Kaapprovinsie 'n kommissie aangestel om die kwessie van kleurlingonderwys te ondersoek met die oog op 'n reorganisasie, wat veral ingesluit het die finansiële verpligtinge, skoolplig en of die aard en strekking van die bestaande onderwys aan kleurlinge voldoen aan die behoeftes van die kleurlingbevolking. Sabra wat een van die belangrikste getuienisse afgelê het, vanuit die Afrikaner se oogpunt beskou, wys daarop dat wat die organisasie en reorganisasie van kleurlingonderwys betref, dit onder 'n volwaardige Departement van Kleurlingsake behoort te ressorteer. Ter ondersteuning van hierdie aanbeveling is aangevoer: „Alhoewel die kleurlinge kultureel by die blanke inskakel, vorm hulle 'n aparte bevolingsgroep met 'n besondere kulturele ontwikkelingspeil. Hul onderwys kan dus nie op dieselfde lees as dié van die blanke geskoei word nie. Solank kleurling-onderwys 'n aanhangsel van blanke onderwys bly, sal dit moeilik wees om die noodsaaklike differensiasie tussen blanke en kleurling-onderwys tot sy reg te laat kom." (1) Verder moet kleurling-onderwys deur die Unie-

(1) (a) Sabra-nuusbrief, No. 5, Des. 1953, 3.
(b) Tydskrif vir Rasse-aangeleenthede, No. 3, April 1954, Jaargang 5, 43-47.

regering gefinansieer word en 'n uniale organisasie word bo 'n provinsiale verkies. Sabra is ook ten gunste van skoolplig vir kleurlingkinders, (as 'n eerste stap van ouderdom 7 tot 15 jaar of std. IV), en beveel aan dat dit geleidelik ingevoer word, namate dit prakties moontlik is. Dit is ook verder beweer dat die bestaande onderwysstelsel nie aan die behoeftes van die kleurling voldoen nie. Daar moet voorsiening gemaak word vir algemene basiese onderwys met inagneming van faktore soos die kind se omgewing, sy kulturele agtergrond en die werkgeleenthede na die voltooiing van sy skoolloopbaan. Klem word ook gelê op die noodsaaklikheid van moedertaalonderwys in die sekondêre klasse en opleidingskolleges. (1)

Die Kommissie insake Kleurlingonderwys openbaar in hulle verslag soortgelyke menings. Die spesifieke funksie van kleurlingonderwys behoort te wees: (i) om die leerlinge te leer lees, skrywe en reken vir alledaagse behoeftes, (ii) om kennis te verskaf omtrent hulle liggame, die natuur en hulle sosiale omgewing, (iii) om hulle handwerk te leer om hulle handvaardigheid te ontwikkel. (2) Verder wys die Kommissie daarop dat 'n skoolkommissie 'n bron van krag in die gemeenskap is, met ander woorde, ouerseggingskap in die onderwys van die leerling. (3) Verder wys die Kommissie ook daarop dat die Ordonnansie wat die voertaal in skole bepaal en wat verder van toepassing is op staatskole, ook op sendingskole en alle ander skole, primêr en sekondêr uitgevoer behoort te word. (4) Alhoewel die Kommissie verder aanbeveel dat die aard van primêre onderwys sy huidige ka-

---

(1) (a) Sabra-Nuusbrief, No. 5, Des. 1953, 3.
(b) Tydskrif vir Rasse-aangeleenthede, No. 3, April 1954, Jaargang 5, 3.

(2) Verslag van Kommissie insake Kleurlingonderwys, par. 8.

(3) Ibid., par. 22, 23.

(4) Ibid., 37.

rakter moet behou, word voorgestel dat verskillende leerplanne vir verskillende groepe, ooreenkomstig hulle behoeftes, opgestel word. (1)

Alhoewel die kleurling se onderwys as gevolg van sy agtergrond noodwendig minder van die blanke s'n sal verskil as die Bantoe s'n, het dit duidelik geword dat sy onderwys nietemin tot sy eie voordeel, nie identies met dié van die blanke moet wees nie. Dit moet apart en afsonderlik staan, indien dit 'n integrale deel van die kleurlinggemeenskap, wat verskillend van die blanke gemeenskap is, moet wees.

Wat die Indiër betref, is daar met die toepassing van die apartheidsbeginsel min vordering gemaak. Persoonlik is ek van mening dat hy as 'n vreemdeling in Suid-Afrika beskou word en dat die beginsel van voogdyskap in sy geval nie so sterk geld soos in die geval van die kleurling en Bantoe nie. Die Indiër is in 'n groot mate self hiervoor verantwoordelik. (2)

Die merkwaardigste vordering is in verband met Bantoe-onderwys gemaak. Die belangrikste aanbevelings van die Naturelle-onderwyskommissie 1949/51 is wetlik bevestig deur die Wet op Bantoe-Onderwys, 1953 (Wet No. 47 van 1953) soos gewysig deur die Wysigingswet op Bantoe-onderwys, 1954 (Wet No. 44 van 1954.)

In die eerste plek is Bantoe-onderwys van die Provinsiale Administrasie na die Unie-regering oorgedra, en as 'n konsekwente deurvoering van die beginsel van apartheid, wel na die Departement van Naturellesake. (3) Die beheer

---

(1) Verslag van Kommissie insake Kleurlingonderwys, par. 52

(2) Die Volksgenoot, 31 Januarie 1957. („Geen realis kan die feit misken dat die Indiërs nog in geen land 'n integrale bevolkingsdeel geword het nie en dat hulle nog oral moeilikheid veroorsaak het nie.")

(3) Artt. 2 en 3 van Wet No. 47 van 1953 soos gepubliseer in die Buitengewone Staatskoerant van die Unie van Suid-Afrika, Vol. CLXXIV, 9.9.1953, No. 5162, 47.

van Bantoeskole staan dus in die eerste plek apart van dié van blankes. Tweedens word dit gefinansieer uit gelde wat die Parlement vir Bantoe-onderwys beskikbaar stel. (1) Om eenvormigheid in Bantoe-onderwys te verkry, word verder bepaal dat alle skole wat ingestel word, behalwe staatskole, eers geregistreer moet word. (2) Ook word die beginsel van aktiewe deelname van die ouergemeenskap in die beheer en bestuur van skole erken. Die Minister van Naturellesake het die mag verkry om streeks- , plaaslike en huishoudelike rade, besture of ander liggame soos hy dienstig ag, in te stel. (3)

Met die Bantoe-onderwyswet is oorgegaan tot 'n positiewe apartheidsbeweging ten opsigte van die skoolopvoeding van die Bantoe. Die geleenthede is geskep om 'n aparte Bantoe-onderwysstelsel met eie vorm, inhoud en karakter te ontwikkel waarin die Bantoe sy regmatige deel en verantwoordelikheid kan hê.

In 1954 is sekere wysigings soos vervat in die Wysigingswet op Bantoe-onderwys (Wet No.44 van 1954) aangebring, om te verhoed dat die gesag wat sekere onbevoegde persone bekom het, tot nadeel van die Bantoe-onderwysstelsel gebruik word. Die wysigings bepaal hoofsaaklik dat Bantoe-gemeenskapskole op dieselfde basis as staatskole bestuur word, en dat die betrokke minister te eniger tyd en so dikwels as hy dit gerade ag, 'n streeks- , plaaslike en huishoudelike raad, bestuur of ander liggaam kan afskaf, maar nie alvorens 'n ondersoek plaasgevind het waarby die betrokke raad, liggaam of bestuur geregtig was om aangehoor te word nie. (4).

(1) Art. 6 van Wet No. 47 van 1953 soos gepubliseer in die Buitengewone Staatskoerant van die Unie van Suid-Afrika, Vol. CLXXIV, 9.9.1953, No.5162, 47.

(2) Ibid., Art. 9.

(3) Buitengewone Staatskoerant, a.w. 55.

(4) Wet No. 44 van 1954. (Die Bantoe-onderwys Wysigingswet, 1954) Art. 12.

Om die doel, rigting en ontwikkeling van Bantoe-onderwys aan te toon, is die Bantoe-onderwysblad uitgegee. (1) Eerstens is die organisasie en aanverwante sake soos bepaal deur genoemde wet, baie duidelik geskets. Die funksionering, samestelling en magte van skoolrade, skoolkomitees, stamowerhede en die adviesraad, word baie duidelik uiteengesit. Die Bantoe kry dus nou seggingskap in die skoolopvoeding van sy kind. Hy kry ook medeseggingskap in sake van beleid en beheer.

In die tweede uitgawe van genoemde blad (Desember 1954) word 'n voorlopige leerplan vir Laer Primêre Skole gepubliseer met die doel dat professionele onderwysbeamptes, opsieners en onderwysers die sekretaris van Naturellesake van kritiek, kommentaar en aanbevelings moet voorsien. (2) Die leerplan maak voorsiening vir die fisiese, maatskaplike, verstandelike en geestelike opvoeding en ontwikkeling van die kind en sluit die volgende kursusse in: Godsdiensonderrig, Afrikaans, Engels, Bantoetale, Rekenkunde, Gesondheidsleer, Omgewingsleer, Handskrif, Sang, Spele, Tuinbou en Naaldwerk. Ook word die tydsindeling per week vir elke vak, die doel in onderrig daarvan en sekere wenke aan die onderwysers gegee. Die plek en belangrikheid van die moedertaal in die leerplan blyk duidelikuit die tydsindeling. Vir Sub-standerds A en B word 180 minute per week vir die moedertaal afgesonder in vergelyking met 110 minute per week vir elk van die twee amptelike tale. In standerds I en II is dit 210 minute per week vir die moedertaal teen 200 vir elk van die amptelike tale. (3) In Junie 1955 word die leerplan

---

(1) Die eerste uitgawe het in Nov. 1954 verskyn.

(2) Bantoe-onderwysblad, Jaargang 1, Desember 1954, No. 2.

(3) Bantoe-onderwysblad, Jaargang 1, Desember 1954, No. 2, 25.

vir die Hoër Primêre Skole (Std. III—VI) gepubliseer en die medium van onderrig in al die vakke behalwe die twee amptelike tale, moet deur middel van die moedertaal wees. (1) Die moedertaal het dus sy regmatige plek in die onderwys van die Bantoe gekry.

Omdat Bantoetale in die verlede as media van onderwys verwaarloos is, het die terminiologie veral in vakke soos Natuurstudie, Gesondheidsleer en Rekenkunde baie moeilikheid veroorsaak. „Om hierdie moeilikhede te oormeester het die Departement deskundiges aangestel om handleidings vir die onderwysers op te stel, terwyl die Taalraad aangesê is om die nodige terminologie in afsonderlike Bantoetale vir verskillende vakke te voorsien. Alle onderwysers word aangemoedig om die Taalraad met die belangrike taak van die verryking van hulle taal behulpsaam te wees." (2)

Wat die skoolboeke betref, is 'n Sentrale Boekekomitee bestaande uit die voorsitters van 'n hele aantal sub-komitees, saamgestel met die doel om goedgekeurde boeklyste saam te stel. Met ander woorde, daar is toegesien dat geskikte boeke op skool gebruik word, boeke wat leerstof ooreenkomstig die voorgeskrewe leergange bevat. Ook is geskikte biblioteekboeke en onderwyshandboeke vir Bantoeskole uitgesoek. (3)

Die oorname van Bantoe-onderwys deur die Departement van Naturellesake, het ook die na-primêre skole sowel as die opleidingskolleges ingesluit. Omdat die onderwyser as die belangrikste middel in die skoolopvoeding van die kind geld, is besluit dat die opleidng van alle onderwysers vir staats- en staatsondersteunde skole, slegs in departementele inrigtings moet geskied. (4)

---

(1) Bantoe-onderwysblad, Jaargang 1, Julie 1955, No. 8.

(2) Bantoe-onderwysblad, Jaargang 1, Des. 1955, No. 13.

(3) Bantoe-onderwysblad, Jaargang 1, April 1955, No. 5.

(4) Bantoe-onderwysblad, Jaargang 1, Nov. 1954, No. 1.

Die standerd ses-eksamen is tot die einde 1955 nog deur die verskillende Provinsiale Onderwysdepartemente afgeneem, en die standerd agt en tien-eksamen nog tot aan die einde van 1957, en die onderwyserseksamens is tot aan die einde 1956 ook deur genoemde departement afgeneem. (1) Die verwagting is dat die afdeling Bantoe-onderwys hierna in 'n posisie sal wees om sy eie eksamens in te stel.

Vanaf 1 Januarie 1956 is die inskrywings by elke opleidingskool beperk tot sekere taalgroepe. (2) Omdat die moedertaal as medium by die opleiding van onderwysers nou belangriker geword het, is skeiding volgens taalgroepe gemaak.

Bantoe-onderwys was binne 'n paar jaar nie meer slegs 'n aanhangsel van blanke-onderwys nie, maar vinnig op weg om 'n aparte en selfstandige departement te word. As een van die vier afdelings van die Departement van Naturellesake, ressorteer dit onder die Sekretaris van genoemde Departement. Die onmiddellike hoof van Bantoe-onderwys is een van die Onder-sekretarisse. Hy word bygestaan deur 'n Assistent Onder-sekretaris, 'n Professionele Adviseur, 'n Regsadviseur en vyf inspekteurs, wat 'n professionele onderafdeling vorm. Hierbenewens is daar ook ses verskillende komitees: (i) Die Sentrale Boekekomitee wat verantwoordelik is vir die keuring van basiese leesboeke, biblioteekboeke, gegradeerde klasboeke en onderwysershandboeke vir primêre skole. (ii) Die Onderwyserseksamenkomitee wat onderwyserskursusse uitwerk, leerplanne opstel en na 1956 die Departementele Onderwysers-eksamens beheer. (iii) Die Sekondêre Eksamenkomitee wat akademiese, tegniese en handelskursusse beplan en leergange opstel. Dit moet ook die Departementele Sekondêre eksamens behartig. (iv) Die Primêre Leerplankomitee wat ver-

(1) Bantoe-onderwysblad, Jaargang 1, Mei 1955, No. 6.
(2) Bantoe-onderwysblad, Jaargang 1, Nov. 1955, No.12.

antwoordelik is vir Laer en Hoër Primêre leerplanne.

(v) Die Bantoetaalkomitees wat belas is met die ontwikkeling in terminologie van verskillende Bantoetale.

(vi) Die Bantoetaalraad wat die werk van die taalkomitees beheer en hulle aanbevelings oorweeg. Dan is daar ook die Streeksdirekteurs, Inspekteurs en Bantoe-opsieners.

Bantoe-onderwys is nie net vinnig besig om in 'n selfstandige departement te ontwikkel nie, maar dit dra reeds 'n eie stempel. Die skool word trapsgewys ingeskakel by die Bantoegemeenskap om as integrale deel tot diens daarvan te wees.

Die Bantoe wat in die begin baie skepties teen aparte skoolopvoeding gestaan het, is nou besig om sy samewerking te gee. H.F. Verwoerd se ideaal: „I do not doubt that the Bantu, if properly informed, will choose the path which will take them to full community life. The future belongs to this eventual goal and this ideal," is besig om verwesenlik te word.

## 3. Samevatting.

Die periode 1949-1956 is 'n duidelike nuwe fase in die toepassing van die apartheidsbeginsel in die skoolopvoeding in Suid-Afrika. Die periode, soos aangedui, kan onderverdeel word met 1949-1953 as die voorbereidingsperiode tot die werklike doelbewuste implementering en ontwikkeling van die apartheidsbeginsel in die skoolwese. Vanaf 1953 word die toekomsrigting in nie-blanke onderwys duidelik afgebaken en die nodige reorganisasie is met kragdadigheid aangepak, om die nuwe bedeling sy beslag te gee.

Wat die verskillende rassegroepe betref, naamlik die Kleurling, Indiër en Bantoe, is die ontwikkeling van aparte skoolopvoeding in verskillende stadia. As gevolg van teenkanting wat tot verskillende hofsake gelei het, is die ontwikkeling van kleurlingonderwys tot 'n eie

selfstandigheid baie vertraag, met die gevolg dat dit aan die einde van die periode onder bespreking eers die stadium bereik het wat deur Bantoe-onderwys reeds in 1953 behaal is.

Wat die Indiër se skoolopvoeding betref, het die ontwikkeling van apartheid gedurende genoemde periode, die minste vordering gemaak.

Op die gebied van Bantoe-onderwys is die grootste vordering gemaak. Aan die einde van 1956 het dit reeds 'n eie beslag gekry en het die reorganisasie so ver gevorder, dat 'n eie, selfstandige en aparte departement van Naturelle-onderwys 'n uitgemaakte saak geword het, wat nog slegs op parlementêre bevestiging gewag het.